LIBERTY
Own your life

# Maak jou aftree-spaargeld resessie-bestand

Michelle Human: Liberty Groep Adviesdienste

Wetlike veranderinge maak voorsiening vir groter belastingverligting in geval van werkverlies, maar jy moet waak teen die versoeking om te diep in jou aftreegeld te delf.

Talle mense is deur werkverlies geraak vanweë die afgelope ekonomiese krisis. Trouens, in 2009 het sowat 870 000 mense hul werk verloor. Om dit in perspektief te stel: dit kom neer op byna 3 500 mense vir elke werksdag van die jaar. Juis om hierdie rede het wette verander om mense in staat te stel om ‘n gedeelte van hul aftreefonds belastingvry te mag onttrek indien hulle afgelê sou word.

## Belastingvrye onttrekking in geval van werkverlies

Jy kan nou tot R300 000 belastingvry uit jou aftreefonds onttrek indien jy afgelê sou word – mits jy:

- Die slagoffer van ‘n verpligte aflegging is. Vrywillige afleggings kwalifiseer nie.
- Die onderneming gesluit het, of daar ‘n algemene vermindering van personeel in ‘n sekere kategorie was.
- Jy nie ‘n direkteur van die onderneming is, of ‘n werknemer met meer as 5% aandele daarin nie.

As jy bedank, kan jy net R22 500 as ‘n belastingvrye onttrekking neem.

**Moet dit egter nie as ‘n aansporing bekou om te onttrek nie.** Dit is slegs ‘n noodmaatreël om rekeninge te kan betaal en kos op die tafel te sit totdat jy weer kan werk kry.

## Die uitwerking van onttrekkings op aftreespaargeld

Onthou dat enige onttrekking voor aftrede, belasbaar of belastingvry, die belastingvrye gedeelte waarvoor jy by aftrede sou kon kwalifiseer, sal verminder. Verder, behalwe dat jy die potensiële groei in jou spaargeld sal inkort, is die belangrikste faktor om in ag te neem, die krag van saamgestelde rente – wat jou geld rente op rente laat verdien!

### Wat is dus jou opsies as jy afgelê is?

- **Instandhouding:** As jy dit kan bekostig, is jou beste opsie om jou voordele te bewaar om sodoende vir jou aftrede in die toekoms voorsiening te maak. Jy kan dit doen deur die geld (belastingvry) oor te dra na ‘n bewaringsfonds of ‘n aftree-annuïteit. Dit is belangrik om met jou finansiële adviseur te praat voordat jy ‘n aftree-spaarplan kies, aangesien elkeen sy eie meriete het. Jy het byvoorbeeld een keer voor aftrede toegang tot die geld in ‘n bewaringsfonds, terwyl dit nie moontlik is as jy jou geld laat

oorplaas in ‘n aftree-annuïteit nie. Hierdie eennmalige onttrekking uit die bewaringsfonds sal egter belasting-implikasies hê.

- **Oorlewing:** Die tweede opsie is om die geld te gebruik om finansieel te oorleef. As jy meer as R300 000 sou onttrek, sal jy belasting betaal. As jy nie nodig het om al jou geld te gebruik nie, dan kan jy die oorblywende geld belastingvry oordra na ‘n aftree-annuïteit.

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*